# INLIGTINGSBLADSY VIR DIE SCIMATHUS UNIVERSITEITSVOORBEREIDINGSPROGRAM in 2021

Stellenbosch Universiteit

Dankie vir jou belangstelling in die jaarlange SciMathUS Universiteitsvoorbereidingsprogram. Voordat jy die aansoekvorm invul, maak asseblief seker dat jy aan al die toelatingsvereistes voldoen.

SciMathUS is ‘n keuringsprogram.

**Om vir die programme in 2021 te kwalifiseer moet jy aan die volgende toelatingsvereistes voldoen:**

- Aansoekers moet in 2020 in Graad 12 wees of in 2019 matriek geslaag het. (**Diegene wat voor 2019 gematrikuleer het, kwalifiseer nie vir die program nie.)**
- Jy moet ten minste vier vakke uit die lys van aangewese universiteitstoelatingsvakke geslaag het;
- ‘n Graad 12 gemiddeld van **ten minste** 60% behaal het; (Lewensoriëntering uitgesluit); en
- **ten minste** 50% in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) behaal het.
- Vir die Wetenskapstroom moet jy **ten minste** 45% in Wiskunde en **ten minste** 45% in Fisiese Wetenskappe behaal het. **GEEN STUDENTE MET WISKUNDIGE GELETTERDHEID SAL AANVAAR WORD.**
- Vir die Rekeningkunde-stroom moet jy **ten minste** 45% in Wiskunde en **ten minste** 45% in Rekeningkunde behaal het. **GEEN STUDENTE MET WISKUNDIGE GELETTERDHEID SAL AANVAAR WORD.**
- Jy moet verder bewys lewer dat jy uit 'n opvoedkundig-benadeelde omgewing afkomstig is (hetsy finansieel, deur jou skool en/of huislike omstandighede).

**Wat bied SciMathUS?**

SciMathUS bied aan studente wat bereid is om hard te werk, die moontlikheid om hul Graad 12-punte in sekere vakke te verbeter. Met die verbeterde punte mag jy weer aansoek doen vir toelating by die Universiteit van Stellenbosch of enige ander hoër onderwysinstansie. SciMathUS kan egter geen waarborg bied dat jy wel aanvaar sal word nie.

Studente kan in SciMathUS kies om Wiskunde en Fisiese Wetenskappe of Wiskunde en Rekeningkunde te neem. Studente neem ook addisionele vakke soos Rekenaarvaardigheid, Akademiese geletterdheid en Inleiding tot Ekonomie. Studente herskryf die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Fisiese Wetenskappe, Wiskunde en Rekeningkunde. Inleiding tot Ekonomie word deur die Universiteit aangebied en geassesseer.

Klasse word in Engels en Afrikaans aangebied, afhangende van die aantal studente in elke klas. Dit sal hoofsaaklik in Engels wees as die groep oorwegend Engelssprekende is.

ʼn Verpligte addisionele Wiskunde kursus sal vanaf middel tot einde November (na die NSS eksamen) aangebied word om studente te ondersteun om hulle vir universiteitwiskunde voor te berei.

**Befondsing van die program?**

SciMathUS word oorwegend deur die privaatsektor befonds. Suksesvolle studente sal gevra word om ʼn toelatingsfooi tot die programkoste vir 2021 te maak. **Let asseblief daarop dat dit ʼn bydrae is en dat die ware programkoste heelwat meer as hierdie bedrag is.**

Die SciMathUs programme bied akkommodasie vir 90 van die 150 studente. Prioriteit word aan studente van ander provinsies of afstande waar dit moeilik is om elke dag van die huis na kampus te reis, gegee. **In 2021 word verblyf teen 'n gesubsidieerde koste aangebied.**

**Aansoeke vir 2021:**
Ons versoek en verkies dat jy aanlyn aansoek doen. Om aan die Covid-19 regulasies te voldoen is aanlyn aansoeke die aanbevole metode. Die webadres na die aanlyn aansoekvorm is:
http://www.suncep.sun.ac.za/UPP/SciMathUS/scimathus_Applications.html

Harde kopie en aanlyn aansoekvorms open 15 Desember 2020. Alle aansoeke sluit op **8 Maart 2021 om 16h00**. Die finale keuring vind eers na die sluitingsdatum plaas sodra alle aansoekers se finale NSS-punte beskikbaar is en ingedien is. Suksesvolle kandidate sal die week van **8 Maart 2021** ingelig word dat hulle toegelaat is. **Die besluit van die keuringkomitee is finaal**. Klasse begin op 15 Maart 2021.

**Ondersteunende dokumente**
Aansoekers word aangeraai om alle ondersteunende dokumente in te dien. Dit word op die vorm aangedui.

**Jou aansoek en ondersteunde dokumente kan op een van die volgende maniere ingedien word:**

- **Gepos word** na Die Bestuurder van SciMathUS, Privaatsak X**1,** Opvoedkunde-gebou, Kamer **3043,** Matieland, **7602**
- **Ge*faks word na*: 086 6964 752 086 6964 752** or **086 5723 257**
- ***Per e-pos gestuur word na*:** bridging@sun.ac.za

Slegs volledige aansoeke met die volledige stel gesertifiseerde/gewaarmerkte afskrifte van die volgende dokumente sal oorweeg word:

1. gesertifiseerde afskrifte van jou identiteitsdokumente/ geboortesertifikate as bewys van SA burgerskap; en
2. gesertifiseerde afskrifte van dokumente van die finansiële posisie van die ouer(s)/voog(de).

Die volgende stawende dokumentasie wat jou gesin se finansiële situasie verduidelik, word verlang. Heg slegs die dokumente wat op jou situasie van toepassing is, aan. Skryf asseblief die aansoeker se naam en van bo aan die bladsye van alle bladsye. Ons ontvang letterlik honderde dokumente.

1. Jongste salarisstrokie van ouer(s)/voog(de) (nie ouer as 3 maande nie).
2. Bewys van pensioeninkomste (strokie/ bankstaat (nie ouer as 3 maande nie).
3. Beëdigde verklaring ten opsigte van ‘n volwasse familielid wat finansieel afhanklik is van die gesin
4. Indien werkloos, ‘n beëdigde verklaring t.o.v. oorlewingsinkomste, ook indien die moeder ’n huisvrou is.
5. Beëdigde verklaring ten opsigte van inkomste verkry uit tydelike/deeltydse werk.
6. Beëdigde verklaring ten opsigte van onderhoud (geskeide - of enkelouers).
7. Beëdigde verklaring ten opsigte van informele inkomste (huiskafee, stalletjie, ens.).
8. By voogdyskap, ‘n gesertifiseerde afskrif van doodsertifikaat van ouer(s).
9. In geval van egskeiding, ‘n afskrif van die egskeidingsbevel.
10. In geval van boerdery, eie onderneming of BK, die jongste geouditeerde finansiële state daarvan.
11. Afskrif van die belastingaanslag (IB 34) wat die jaarlikse inkomste aandui.
12. Beëdigde verklaring van die enige derde party wat die aansoeker sal befonds.

**Die Universiteit behou die reg voor om hierdie aansoek te kanselleer indien valse of onjuiste inligting verstrek word.**